# LAERSKOOL TINI VORSTER

POSBUS 181
NIGEL
1490

JOUBERTSTRAAT 15
NIGEL
TELEFOON: (011) 814-6470
FAKS: (011) 814-3472
E-POS: admin@tinivorster.co.za
leerlingsake@tinivorster.co.za
finansies@tinivorster.co.za

ONS VERWYSNOMMER: JL / MW

U VERWYSNOMMER: SKOOLG.OMSENDB NUWE JAAR

LAERSKOOL TINI VORSTER
NIGEL
SAAMSTAAN EN BOU

**5 November 2025**

**OMSENDBRIEF: 21 VAN 2025**

***Geagte ouer/voog***

***1. ONDERRIGGELD VIR 2026***

Tydens die ouervergadering van **30 Oktober 2025**, is die ***begroting vir 2026*** deur die ouers aanvaar. ***Die verpligte onderriggeld vir 2026 is R14 428-08 (Gr. R – 7) per kind per jaar, dus R1 202-34 maandeliks.*** Dié bedrag is vanaf **14 *Januarie 2026 oor twaalf maande betaalbaar.***

***Neem asseblief kennis dat daar GEEN gesinspakkette is nie.***

***Die totale onderriggeld is betaalbaar op die eerste skooldag van 2026.***

Daar kan reëlings getref word om die onderriggeld oor ***twaalf maande*** af te betaal, in welke geval die verpligte onderriggeld betaalbaar is op die ***eerste dag van elke maand,*** as volg:

- ***Eerste paaiement op die eerste skooldag*** van die betrokke finansiële jaar en daarna op die ***eerste dag*** van elke maand met die ***laaste paaiement*** betaalbaar op **1 *Desember 2026.***

Ouers wat die volle onderriggeld van 2026 betaal ***vóór 31 Desember 2025*** kan 'n **15% *korting*** ontvang en betaal u dan slegs ***R12 263-87 per kind.***

U is welkom om al hierdie jaar teen 30 November reeds 'n betaling te maak vir Januarie 2026. Hierdie bedrag sal dien as die eerste onderrig paaiement vir 2026 en sal in berekening gebring word vir ouers wat voor 28 Februarie 2026 die volle bedrag betaal om nog steeds die 10% korting te ontvang.

Indien die totale onderriggeld nie later nie as ***28 Februarie 2026*** betaal is, word ***10% korting*** toegestaan en betaal u slegs **R12 985-27** per leerder.

Daar is 'n billike kriteria en prosedures vir die algehele-, gedeeltelike- of voorwaardelike vrystelling van ouers wat nie die onderriggeld kan bekostig nie. 'n Glyskaal word gebruik waarvolgens berekeninge gedoen word. Die ouer moet ***persoonlik teken*** wanneer die aansoekvorm afgehaal en ingehandig word.

Aansoekvorms vir vrystelling van onderriggeld is op aanvraag ***beskikbaar*** by die skool ***vanaf 14 Januarie 2026.*** Administratiewe personeel sal beskikbaar wees indien u hulp benodig met die voltooiing daarvan.

***By voorbaat dank***

**J LOUWRENS**
**HOOF**

GAUTENG ONDERWYSDEPARTEMENT
LAERSKOOL TINI VORSTER
05-11-2025
TEL: 011 814 6470
POSBUS 181 NIGEL, 1490
GAUTENG-OOS

*Ons werk met meer as staal of steen*